# Laerskool Horison

Weaverstraat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
PostNet Suite #78, Private Bag X1
Florida Hills, 1716
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za




Geagte Ouers

Baie welkom aan u en u kind(ers) in graad 1. Ons wens u baie voorspoedige 2026 toe en ons hoop dat u en u kinders baie gelukkig sal wees.



**LAERSKOOL HORISON BIED MET GROOT DOELGERIGTHEID SO 'N VOLLEDIGE OPVOEDINGS-PROGRAM AS MOONTLIK AAN** aangesien ons voel dat die kind werklik in sy totaliteit opgevoed moet word.

Vanaf graad R word die nuwe leerplan van die Kurrikulum Assesserings Beleid (CAPS) op 'n sinvolle en weldeurdagte wyse gevolg.

Wat buitekurrikulêre aktiwiteite betref is ons so ingestel dat, al wen ons nie altyd nie, ons steeds sorg dat ons kinders altyd waardige deelnemers bly. Ons probeer dus om 'n besondere standaard te handhaaf deur alles van harte en met daadkrag te doen maar steeds volgens die eise van Kol. 3:23. Hierdie genoemde werkswyse verseker dat ons nie werk om beter as ander mense te wees nie, maar het gewoonlik die ingeboude waarborg van sukses.

**Die volgende inligting is van groot belang:**

1. **Toelatingsvereistes:** U kind is van verpligte skool ouderdom vanaf die jaar waarin hy/sy 7 jaar oud word tot aan die einde van die jaar waarin hy/sy 15 jaar oud word. Dit geld vir alle kinders, selfs al het hulle nog nooit skool gegaan nie.
2. ***NB. Volgens Departementele regulasies is dit verpligtend dat die skool 'n gewaarmerkte afskrif van die geboortesertifikaat asook u kind se immuniseringskaart moet inhandig.***
3. Klaskamers vir graad 1 is op die grondvloer van die Langenhovenblok.

## ALGEMENE REËLINGS VIR GRAAD 1

Die skool begin amptelik op **15 JANUARIE 2026.** *Ons sal dit egter baie waardeer as u, u graad 1-kind(ers) reeds op **14 JANUARIE 2026 om 07:30** skool toe bring.* Ouers en leerders kom in die saal bymekaar. U kind word op 'n informele wyse besig gehou tot 12:00 om sy of haar klaskamer en onderwyseres bekend te stel. Ons vra vriendelik dat hulle in volle skooldrag skool toe sal kom. Die benodigdhede wat deur u aangekoop word, kan asseblief reeds **14 *JANUARIE 2026*,** skool toe gestuur word.


## EERSTE SKOOLDAG FOTO'S: 1 JANUARIE 2026



Die eerste skooldag foto's sal op 1 Januarie 2026 geneem word.
**Eerste dag foto's vir Graad 1 sal by die voogklas uitgedeel word.**
**U sal 'n koevertjie van Status Studio ontvang met die verskillende pakkette. Die korrekte bedrag vir u bestelling moet in die koevert geplaas word en geseël word, Laerskool Horison hanteer glad nie die gelde nie en die koevert met u bestelling**

## VIR 1 JANUARIE 2026 (AMPTELIKE EERSTE SKOOLDAG)

- Leerders word by die hek in Heronstraat (naby die tennisbane) afgelaai.
- Leerders wat voor 07:00 in die oggend afgelaai word, moet na die mediasentrum gaan vir die oggendwagklas.
- Akademie begin om 07:30.
- Die kinders verdaag om **13:00** en moet by die hek in Heronstraat afgehaal word (naby die tennisbane) indien hy/sy nie naskoolsentrum toe gaan nie. Daar is wel wagklasse tot 14:00 indien u kind wag vir 'n ouer boetie/sussie.
- Skool verdaag **Vrydae om 13:00.**



## NASKOOLSTUDIESENTRUM

Ons het 'n naskoolsentrum op die terrein wat deur me. A. Vermeulen (oud onderwyser) by die skool bedryf word. Leerders gaan in graadverband na klasse waar hulle onder toesig hulle huiswerk kan doen. Daar is ook 'n spesiale reëling met die snoepie om teen goeie pryse iets te ete te verskaf.
Kontak me. **A. Vermeulen** gerus by **079 517 8914.**

## SKOOLDRAGVERSKAFFERS



**Ons verwys na die volgende verskaffers waar u die skoolklere kan aankoop:**

**Skoolklerewinkel (op die skoolperseel)**

| | |
|---|---|
| Maandae | 14:00-17:00 |
| Woensdae | 14:00-17:00 |
| Vrydae | Slegs per afspraak |

In Desember en Januarie slegs per afspraak.
***Kontant, Debiet of kredietkaart betalings is welkom.***

**Stuur asseblief 'n Whatsapp na 076 337 8541 en me. Christina Nell sal u tussen 14:00-17:00 antwoord en 'n afspraak reël.**

**Safeteq / Antoinette's Uitrusters**
Ontdekkersweg 44, Princess, Roodepoort
Sel: 076 997 4557

**Amod & Sons**
Commissionerstraat 191, Burgershoop, Krugersdorp
Tel: 011 / 660-2917

**Viva Sport**
H/v The Highway en Olivierstraat 10, Florida
Tel: 011/672-7562

**Friendly House**
Van Wykstraat, ROODEPOORT
TEL: 083 263 2073

## SWEETPAKKE

Sweetpakke is nie skooldrag nie. Dit word ***slegs aangekoop*** as die leerder deelneem aan 'n sportsoort wat ***seisoengerig*** is, asook gedurende die winter vir Liggaamlike Opvoeding (LO.)

## VRYDAE – DENIMDAG

Elke Vrydag is Denimdag by die skool. Leerders betaal R2.00 en trek dan 'n denim aan met hulle swart LO. skoolhempie wat by die skool se klerewinkel beskikbaar is.

## SKOOLTYE




Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:00.
Woensdag: 07:30 – 13:40
Die dagprogram begin stiptelik om 07:30.

**<u>Oggend wagklas</u>**: 06:00 – 07:00 in die Mediasentrum. Om 07:00 gaan die leerders af veld toe waar daar dan toesig sal wees.

**<u>Middag wagklas</u>**: Daar is wagklasse tot 14:00 by sy/haar juffrou, indien u kind wag vir 'n ouer boetie of sussie.

## FACEBOOK EN WEBTUISTE

**Laerskool Horison het 'n Facebookblad en Webtuiste. Gaan "LIKE" asb. die Facebookblad en gaan besoek gerus ons Webtuiste.**
**https://www.facebook.com/HoresIsTops**

**https://www.horison.co.za**

## WHATSAPP GROEPE

Daar is amptelike WhatsApp-groepe per graad in die skool, om ons kommunikasie nog verder te verbeter. Ouers wat nog nie op die stelsels geregistreer is nie, moet asseblief me. Sophie Grunow by die skool skakel. Ouers van leerders wat te jonk of te oud is vir hulle graad, moet ook by die graadgroep van u kind se ouderdom registreer asseblief.

As u kind byvoorbeeld in Graad R is, maar hy/sy is o/7 en neem deel aan sport vir die o/7-groep, moet u ook by die Graad 1-groep registreer om sodoende die o/7 se sportinligting te kry.

| | | |
|---|---|---|
| **Graad R o/6** | **Graad 3 o/9** | **Graad 6 o/12** |
| **Graad 1 o/7** | **Graad 4 o/10** | **Graad 7 o/13** |
| **Graad 2 o/8** | **Graad 5 o/11** | |

## GRAAD 7 2025

## GRAAD 6 2025

## GRAAD 5 2025

## GRAAD 4 2025

## GRAAD 3 2025

## GRAAD 2 2025

**GRAAD 1 2025**

**GRAAD R 2025**

**GRAAD RR 2025**

**GRAAD RRR 2025**



# GRAAD LSEN 2025

## d6 COMMUNICATOR

**d6** is die skool se amptelike kommunikasiemiddel.
Laai dit asseblief af. Sien stappe hoe om dit te doen.

**Stappe om d6 op 'n slimfoon af te laai :**

1. Gaan op "Google Play Store."
2. Tik in "d6 Communicator."
3. d6 verskyn dan, kliek op "Open."
4. Kliek op "Install."
5. Kliek "Open."
6. Tik jou Naam en Van in.
7. Tik jou e-pos adres in.
8. Kliek op "Continue."
9. Terms & Conditions - kliek "Accept."
10. "Pick Country" - kliek op "South Africa."
11. Soek Laerskool Horison, kliek daarop en daar verskyn 'n.
12. Kliek op die **>**.
13. Kliek op "Free."
14. Nou is u op die d6.



**Stappe om d6 op 'n rekenaar af te laai :**Besoek Google (www.google.com)

1. Tik in op soekenjin - "d6 Communicator."
2. Kliek op die heel boonste link "d6 Communicator."
3. Kliek op "South Africa."
4. Tik die skool se naam in "Laerskool Horison."
5. Kliek op "Windows."
6. Kliek op "Run onder."
7. Kliek op "Open folder."
8. Die file verskyn op "Local disk C."
9. Dubbel kliek op "D6 – 7698."
10. Kliek dan op "run."

**PUBLIEKE VAKANSIEDAE – 2026**



- 01 Januarie - Nuwejaarsdag
- 21 Maart - Menseregtedag
- 03 April - Goeie Vrydag
- 06 April - Familiedag
- 27 April - Vryheidsdag
- 01 Mei - Werkersdag
- 15 Junie - Spesiale skoolvakansiedag
- 16 Junie - Jeugdag
- 09 Augustus - Nasionale Vrouedag
- 24 September - Erfenisdag
- 16 Desember - Rekonsiliasiedag
- 25 Desember - Kersfees
- 26 Desember - Welwillendheidsdag

**SKOOLKALENDER – 2026**

| | |
|---|---|
| **KWARTAAL 1** | **SKOOL OPEN 14 JANUARIE 2026** |
| **KWARTAAL 1** | **SKOOL SLUIT 27 MAART 2026** |
| **KWARTAAL 2** | **SKOOL OPEN 08 APRIL 2026** |
| **KWARTAAL 2** | **SKOOL SLUIT 26 JUNIE 2026** |
| **KWARTAAL 3** | **SKOOL OPEN 21 JULIE 2026** |
| **KWARTAAL 3** | **SKOOL SLUIT 23 SEPTEMBER 2026** |
| **KWARTAAL 4** | **SKOOL OPEN 06 OKTOBER 2026** |
| **KWARTAAL 4** | **SKOOL SLUIT 09 DESEMBER 2026** |

Vir **navrae oor finansies** en registrasie, kan u 'n e-pos rig aan finansies@horison.co.za

Vir **enige ander navrae**, kan u 'n e-pos rig aan hoof@horison.co.za.

# NOGMAALS BAIE WELKOM AAN ELKE NUWE OUER EN LEERDER!



**Me. L. van Dyk**
**Departementshoof**

**Mnr. G.F. Van der Walt**
**Hoof**

# GRAAD 1 SKRYFBEHOEFTELYS 2026



Geagte Graad 1-ouers van 2026

**Vir die eerste dag**:
Plaas reeds vir u kind in hul pennesakkie die volgende: – Uitdraaikryte, inkleurpotlode, een uitveër, een skerpmaker, een gom en een skêr. Die res bêre u vir hulle in die roomysbak. Dit word in die klas se stoor gebêre en uitgehaal soos nodig. U is welkom om die ekstras op 'n latere stadium te stuur soos dit u finansies pas.

2 x Pakkies uitdraai vetkryte

2 x Pakkies inkleurpotlode

6 x HB potlode

2 x Skerpmakers met bakkies



2 x Skêre

2 x Uitveërs

3 x Stafies gom

1 x Potloodsakkie / blikkie

1 x Wit skryfbordjie

1 x Stoelsakkie

1 x "Carry Folder" of boeksakkie

1 x Olie pastelle

1 x Inkleurboek (min. 50 bladsye)

1 x "Flip File" 20 sakkies

1 x Leë 2L roomysbak

2 x "White board markers"

2 x Verfkwaste (1 x dik en 1 x dun)

Plastiek (hou by die huis vir boeke oortrek)

1 x 100 stuk legkaart (skryf u kind se naam op elke stukkie)

2 x boksies snesies

2 x Handdoekrolle

1 x Vloeibare seep

1 x Pakkie pleisters

1 x Bakkie waterverf

1 x houertjie klei

4 x "quotation files"

20 papierborde (wit)

1 x Pak/Riem paper




**MERK ASSEBLIEF ALLE ITEMS EN KLERE MET U KIND SE NAAM EN VAN.**



